



DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE OMGEWING: PERSPEKTIEWE VIR DIE LANDBOU EN AGRI-NW


Lichtenburg, Noordwes

18 September 2019

Prof Andre Duvenhage

Andre.Duvenhage@nwu.ac.za

Inleiding

A scenic landscape featuring rolling green hills under a clear blue sky. The foreground shows a mix of green fields and some darker, possibly agricultural or forested areas. The lighting suggests it might be early morning or late afternoon.

“Without land there can be no freedom or dignity. We want Land first because it is the basis of our freedom, our identity, our spiritual well being, our economic development and culture. The land of Africans was stolen and this theft has rendered us landless in our own land.”

(Black First-Land First, 2017)


Inleiding

- Die Suid Afrikaanse politiek is in ‘n fase van fundamentele verandering en rekonfigurasie
- Met die NDR as vertrekpunt, die transformatiewe toepassing hiervan en die fokus op RET is die ideologiese agenda gerig op radikale verandering.
- ‘n Belangrike aspek van RET is die benadering ten opsigte van **ontteiening sonder vergoeding** as direkte uitvloeisel van die voorgestelde wysiging van **Artikel 25 van die Grondwet**.
- Hierdie voorgestelde wysiging asook die makro politieke omgewing dui op ‘n besondere stel uitdagings waarmee georganiseerde Landbou tans te make het.


Inleiding

Hierdie aanbieding fokus baie kortlik op die volgende:

1. Makro-konteks en statistieke
2. Ideologiese konteks en voorgestelde beleidsdokumente
3. Grondhervorming
4. Scenario perspektiewe



STERK IDEOLOGIE/ANC RESOLUSIES



NASIONAAL

SOSIALE DINAMIKA

- Gewelddadige organgssamelewing.
- Demografiese veranderlikes.
- Diepverdeel en gebrek aan sosiale kohesie.
- Ontwikkelingsaard en afhanklikheid van die Staat.
- Identiteitspolitiek

ANC POLITIEK

- Disintegrasie van Breë Kerk.
- Organisatoriese vernuwing.
- Party vs. bevrydingsbeweging.
- Steunverliese.
- Ideologiese onsekerheid en die politieke skuif na links.
- Faksiegevegte/leierskapskonflikte.
- Interne konflik.

STAATKUNDIGE KONTEKS

- Staatsverswakking.
- Politieke en institusionele verval.
- 2019-verkiesing!
- Afhanklikheid van toelaes.
- Meer radikale en populistiese politiek.
- Politieke onstabilitet en anargie.

INTERNASIONAAL

- Nuwe wêreldorde (skuif Oos).
- Tegnologiese rewolusie.
- China-Afrika.
- Stryd om hulpbronne.
- Wêreldkonflik.
- Handelsoorloë (Donald Trump).

DIE MAKRO-STRATEGIESE KONTEKS

CHAOSPUNT



VENSTERPERIODE

DISINTEGRASIE VAN DIE STAAT

STAATSVERVAL
"Korrupte Staatspraktyke"

PRAETORIAANSE POLITIEK

REGSTAAT
"Demokratiese Konsolidasie"

Suid-Afrika: enkele statistieke

- 58 miljoen mense (S- 80,9%; KI – 8,9%; W -7,8%; A -2.5%);
- Belastingsbasis: 7,2 miljoen belastingbetalers; 1,7 miljoen betaal omtrent 80% van persoonlike belasting; 2% betaal bykans 70% persoonlike belasting;
- **Ander bron: Rykste 10% - 86,9% van belasting; die volgende 10% - betaal 10,4% belasting; en die ander 80% net sowat 3%;**
- 17 miljoen mense ontvang sosiale toelae;
- Meer as 80% van die munisipaliteite in SA is disfunksioneel en 18 van die 21 Munisipaliteite in NW is onder administrasie geplaas;
- ESKOM se skuldas is sowat R440 biljoen;
- Ander SOE's is of disfunksioneel en/of in 'n finansiële krisis.
- Reuse uitdagings ten opsigte van Onderwys en Gesondheid (NHI)en dienslewering in die algemeen.
- Werkloosheid staan tans op sowat 29% (Tussen 6,7 and 10 miljoen mense –afhangende van die definisie wat gebruik word; 53,5% werkloos tussen die ouderdomme 15 -24.)
- Endemiese korruksie en staatskaping tot 'n geskatte waarde van sowat R100 Biljoen
- Bykans 3000 mense (meestal swart) verlaat SA maandeliks – implikasies vir die belastingsbasis.

Ideologiese konteks: NDR en RET

- Die NDR kan beskryf word as: “*a process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one and changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people*” (**Strategy and Tactics**)
- Toegepas as transformasie beteken dit: ... *the fast, progressive, and fundamental political change of society, that arises from an unacceptable past (colonialism etc), which take on the phase of central planning, often driven by hegemony (ANC) focusing on change and conflict management.*’
- *Drie fases: “political revolution”; “economic transformation (ownership of production factors)”; “social equity” (National Democratic Society)*
- Die NDR is die kern ideologiese vertrekpunt van die ANC; is herbevestig by die 2017-konferensie van die ANC; en vorm die grondslag vir alle beleidsraamwerke met inbegrip van radikale grondhervorming.
- Ramaphosa is hiertoe verbind en word in terme van resolusies vanuit Lethulihuis bestuur.

Grondhervorming (definisies)

Grondhervorming:

1. **Restitusie** (*the restoration of land rights lost through the direct application of the apartheid laws*)
2. **Grondregte** (*Policies that seek to strengthen the property rights of those who already occupy land under various relative insecure forms of tenure –communal and commercial*)
3. **Redistrubisie** (*Ownership of land according to the transformational principle of representativity.*)

Landbou en grondhervorming (enkele syfers)

- Landbou: 2,6% of BBP/10% van die werksmag;
- Grond: slegs 13,5% kan vir saaiboerdery aangewend word(3% het hoë potensiaal)
- Grond se waarde is soms so min as 10% van die kommersiële waarde van 'n plaas.
- 90% van grondhervormingsprojekte het sedert 1994 misluk
- Kommersiële boere dra meer as 90% van landbouproduksie by.

Taakspan oor grondhervorming

Konteks

- ❖ Kontroversiële uitkoms van die 2017-konferensie van die ANC
- ❖ Minderheidsverslag (Kriek & Serfontein)

Voorstelle/aanbevelings

- ❖ Grondplafonne
- ❖ Grondbelastings
- ❖ Veranderinge aan artikel 25 van die Grondwet

Bekommernisse

- ❖ Morele grondslag/regverdigbaarheid? (Rasoriëntasie; In konflik met Fundamentele- en Eiendomsregte?)
- ❖ Groot finansiële risikos
- ❖ Negatiewe klimaat vir investering en ekonomiese groei
- ❖ Voedselsekerheid?
- ❖ Kommersiële boere betaal die prys!

Grondhervorming: kritiese vrae


1. Staatsbestuur en endemiese korruptie?
2. Wanneer en hoe gaan grond onteien word? [Toepassing van onteiening sonder vergoeding]
3. Wie gaan die begunstigdes wees en hoe gaan dit bepaal word?
4. Watter grond gaan geteiken word? [Inkwavuma Trust; kommersiële plase; grond rondom stede ens?]

SCENARIOS

**“Grand Rapids and
White Waters”**



‘n Aangepaste Status Quo



“A New Dawn”



“Worst Case Scenario”

“Best Case Scenario”

Landbou: “Declining Status Quo”

- Komplekse politieke en regsprosesse lei tot die aanvaarding van die wetgewing, maar die implementering hiervan word vertraag.
- Twee-derde meerderheid in parlement en hofsake met as fokus die proses asook die beginsel wat hier ter sprake.
- Plaasbesettings en plaasaanvalle bly hoog en mag selfs eskaleer.
- Voedselsekerheid word bedreig en gemeenskappe begin ekstreme maatreëls neem in terme van veiligheid en sekuriteit (heraktiveer die kommandostelsel of soortgelyke veiligheidstrukture [Suidlanders 161 000 ledetal]).
- Die status quo kan nie onbepaald voortgaan nie en moet hervorm word, intervensies verwag (praetoriaanse politiek) of eskaleer in verdere konflik en geweld.

“Grand Rapids and White waters”

- Gebrekkige leierskap en onvermoë om moeilike besluite te neem dra by tot verdere onstabiliteit met politieke, grondwetlike en staatkundige implikasies.
- Die opbreek van die ANC en die eskalering van politieke onstabiliteit tot staatkundige onstabiliteit.
- Diverse eskalerende patronen van onstabiliteit kom voor bv. diensleweringsproteste; vigilantisme; kriminele geweld; taxi-geweld; ras-,kultuur - en gendergeweld, xenophobia ens.
- Swak staat word toenemend ‘n gevalle (failed-) staat - **verlies van beheer oor die staatsteritorium**
- Implementering van RET en spesifiek verwagtinge ten opsigte van grond lei tot ‘n eskalasie van konflik en geweld.
- Uittog van kennis, geld en vaardighede.

Landbou: “Grand rapids and white waters”

Binne hierdie scenario is die volgende van toepassing op die landbou-omgewing:

- Eskalerende konflik, geweld en plaasbesettings;
- Eskalerende misdaad;
- Die waarde van grond neem af;
- Finansiële sekuriteite word moeiliker bekombaar;
- Gebrekkige investering en finansiële onsekerheid dra by tot ‘n afname in voedselsekerheid.
- Die +/-26 000 kommersiële boere sal (as gevolg van ‘n kombinasie van redes waaronder politiek, ekonomie en klimaat) nuwe opsies moet oorweeg en ander keuses maak word oor die pad vorentoe. [Dit word verwag dat die getal kommersiële boere oor die volgende twee dekades tot +/-14 000 kan verminder.]

“Grand rapids and white waters”

A landscape photograph showing rolling hills and fields under a clear sky. The colors are warm, with orange and yellow tones in the sky and green and brown tones in the land.

Hierdie scenario moet ten
alle koste vermy word.

Landbou: “New Dawn”

Hierdie scenario veronderstel leierskap en staatsmanskap en die wil om moeilike besluite te neem, die konsekvensies te verreken; en inkoop te bewerkstellig (Dit impliseer ‘n transformasie in eie reg!)

Die volgende is sleutelvereistes:

1. Stabiliseer die politieke omgewing (grensbeheer; veiligheidsintervensies; handhaaf wet en orde binne die raamwerk van die Reg.)
2. Stel ‘n grondslag daar vir ekonomiese groei en ontwikkeling(‘n ekonomiese Kodesa waar die grondkwessie ook hanteer word.)
3. Moet nie artikel 25 van die Grondwet wysig nie.
4. *Kgalema Motlanthe: “If property is not protected you destroy value and if there’s no value, then you won’t have an economy driving forward. People won’t invest effort and resources in building assets.”*
5. Klaar konflikterende wetgewing uit op alle vlakke met inbegrip van Landbou en Grondhervorming.
6. Stel ‘n nuwe makro-ekonomiese raamwerk daar wat fundamenteel verskil van die NDR.
7. Dit raak ook die transformasie van die ANC as politieke instelling.


Gevolgtrekking/Samevattting

- Veranderinge aan Artikel 25 van die grondwet gaan nie net verreikende implikasies vir die Landbou hê nie, maar ook vir die groter politieke omgewing en selfs die staat as staat.
- Politieke leierskap het reeds gewaarsku oor die moontlikheid van onstabiliteit en chaos.(King Goodwill Zwelitini praat selfs van sessesie; Kgalema Motlanthe se waarskuwings; regse politieke verset; die mobilisering van groepe wat historiese aansprake het; asook groepe wat die reg in eie hande neem.)
- ‘n Onstabiele landbou-omgewing sal negatief impakteer op enige vorm van investering en veral BDI.
- Populisme (deesdae ‘n wêreldwye tendens) hou ook groot risiko’s in vir SA en die huidige fase van politieke ontwikkeling.

Gevolgtrekking/Samevatting

- Ramaphosa het voor die grootste uitdagings sedert 1994 te staan gekom. Dit is nie outomaties dat hy polities gaan oorleef nie.
- Politieke elites sal besluite moet neem wat die land vorentoe kan neem.[Die ANC is nie bekend hiervoor nie.]
- Dit is belangrik om die slaggate van onder meer Zimbabwe en ander dele van Afrika te probeer vermy.
- Die volgende 6 tot 24 maande gaan krities belangrik wees, nie net vir Landbou nie, maar vir die land as 'n geheel.

Gevolgtrekking/Samevatting

A landscape photograph showing rolling green hills under a clear blue sky. The foreground is dominated by dark green vegetation, while the background features lighter green fields and distant hills.

“... I(f) property is not protected by law,
society as we understand it today will
disappear because the kind of anarchy
that would ensue is difficult to imagine.”
[Kgalema Motlanthe, 2019]

Die Pad Vorentoe

Die volgende is strategiese prioriteite vir landbou:

- Hou die kommersiële boer op die grond en bevorder hul belang pro-aktief.(Alle moontelike ondersteuning op alle vlakke!)
- Beskerm en behou Artikel 25 van die Grondwet (regsprosesse indien nodig.) Kontroleer alle wette voortspuitend uit 'n moontlike wysiging
- Bevorder veiligheid en sekuriteit op alle terreine en met alle belanghebbendes. [Indien noodsaaklik neem die strategiese funksies van die staat (lees veiligheid en sekuriteit) oor indien geen ander uitweg bestaan nie.]
- In die militêre strategie is daar die gesegde wat sê dat as jy vrede wil hê beplan vir oorlog....
- Bewerkstellig samewerking met alle georganiseerde landboubedrywe en mobiliseer steun op hierdie vlakke.
- Sluit strategiese politieke ooreenkomste (waar en indien nodig) met belanggroepes en partye wat die saak van die kommersiële boer kan bevorder.

Langtermyn toekoms

- Die Suid Afrika van 1910 tot en met die huidige stand van sake gaan op die langtermyn baie anders daar uitsien;
- Die toekoms mag in belangrike opsigte herhinder aan die periode voor 1910 (Ek twyfel of die eenheidstaat op die langtermyn behoue gaan bly.)
- Is RW Johnson reg dat die geskiedenis vorentoe na die tydperk 1994 -2019 gaan verwys as 'n **"Failed Republic"**?
- Is die kommersiële boer en die georganiseerde landbou gereed vir die veranderinge wat voorlê?
- Is die kommersiële boer se spreekwoordelike glas **halfvol, halfleeg, gekraak of dalk gesteel?**
- Wat gaan georganiseerde landbou hieromtrent doen?

Die Pad Vorentoe

DANKIE!